

PERSVERSLAG VAN DIE SINODE BELHAR VAN DIE VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA, GEHOU VAN 12-16 APRIL 2021

Opening en Konstituering

Ds G Mnisi het die sinode geopen tydens die ereediens in die kerk van die VGK Belville waarin hy op Sondag 11 April voorgegaan het. Hy het vanuit Kolossense 4:14 gefokus op die gebed en die belangrikheid daarvan gedurende die sinode.

Op 12 April het ds P Abrahams namens die sameroepende kerk VGK Belhar die openingsmeditاسie gehou aan die hand van 1 Thess. 1: 1 – 10. Die geloofsbriewe is nagegaan om te verseker dat alle afgevaardigdes wettig deur hul klassis afgevaardig is.

Bywoning

Die volgende afgevaardigdes van Klassis-Noord was aanwesig: Ds PG Boon, Ds HH van Alten, Ds GF Mnisi, Br G Hagg, Br F Hagg en Br GR Bouwmeester. Deur Klassis-Suid was afgevaardig: Ds J Bruintjes, Ds P Abrahams, Br J Klaaste, Br M de Wit, Br W Bijker en Br R Snijder.

As moderamen is verkies: Voorsitter: Ds J Bruintjes; Ondervoorsitter: Br G Hagg; Skriba: Br R Snijder.

Ondanks die Covid-19 reisbeperkings was ons dankbaar dat afgevaardigdes van ons susterkerke die verskeie sessies van die sinode aanlyn kon bywoon en ook as adviseurs kon dien. Br B Veenendal het die Free Reformed Churches of Australia (FRCA) verteenwoordig. Br. O Bouwman en Ds H Schouten het die Canadian and American Reformed Churches (CanRC) verteenwoordig, terwyl Prof J van Vliet die Canadian Reformed Theological Seminary (CRTS) verteenwoordig het. Ds. H Venema en br. A Pedro was afgevaardig namens die Gereformeerde Kerken Vrijgemaakt uit Nederland (GKv). Ds F Bijzet was spesiale adviseur oor die susterkerk verhouding met die GKv. Namens die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) het ds Coen Vrey gedeeltes van die sinode bygewoon.

Sinodereëls

In die verlede het die VGKSA 'n ratifiseringsproses van sinodebesluite na die sinode aanvaar om die kerke betrokke te maak. Die Sinode het besluit dat in die toekoms die Deputate hulle verslae ses maande voor die sinode deur middel van die kerkverbandelike administrateur na die gemeentes sal stuur vir hulle kommentaar. Kommentaar behoort die Deputate drie maande voor die Sinode te bereik. Deputate kan dan hul finale verslae indien, waar nodig met Addenda. Besware van gemeentes sal nog steeds op die Sinode bespreek word. Die Sinode het 'n voorstel van Klassis-Noord dat alle kerke op die Sinode behoort verteenwoordig te wees, verwerp.

Ander reëls is aangepas om die funksionering van die sinode meer vaartbelyn te maak. Hierdie reëls sal gepubliseer word om die kerke insae in die funksionering van die sinodes te gee.

Kontak met Kerke in Suid-Afrika (DKKSA)

Tot op hede het die Deputate kontak met vier Suid-Afrikaanse kerke onderhou. Wat betref die Nederduits-Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKAfr) het onlangse pogings tot voortgesette kontak misluk. Met betrekking tot die Free Church of South Africa (FCSA), het deputate die FCSA se Algemene Vergadering in King Williamstown bygewoon, en die kerke aangemoedig om 'n aktiewe lid van die ICRC te bly. Die FCSA het erken dat gemis aan deelname die gevolg van finansiële druk was, en dit sal aan die ICRC gerapporteer word met die doel om ondersteuning te verkry. Kontak is gemaak met die Reformed Evangelical Anglican Church of SA

(REACH). REACH is gekonfronteer met soortgelyke uitdagings as ons, soos hermeneutiek, vroue in die amp en nuwe gedagtes oor geslagtelikheid. Die Sinode het besluit om kontakte voort te sit met die FCSA en REACH omdat hulle tot gesonde Skriftuurlike gehoorsaamheid verbind is.

DKKSA het hulle bekommernis oor die verdragings in die ontwikkeling tot eenheid met die GKSA op 'n nasionale vlak uitgespreek. In 2019 het die GKSA en VGKSA 'n konferensie oor kerkverband gereël, waartydens algemene ooreenkoms oor die meeste teologiese, konfessionele en kerkordelike beginsels gevind is. In die praktyk is egter die implementering van hierdie beginsels in die GKSA soms moeilik om te bereik.

Die Sinode het 'n voorstel van Deputate aanvaar om plaaslike kerke aan te moedig om hul kontakte met plaaslike GKSA kerke te intensifiseer en uit te brei. Die Deputate behoort hul fokus te verskuif na die verskaffing van meer steun aan plaaslike Kerkrade, veral die kerke in die nie-Afrikaans-sprekende gemeenskappe. Hoewel Deputate riglyne verskaf het, kan plaaslike omstandighede grootliks verskil, en meer leiding word benodig, byvoorbeeld deur konsep-ooreenkomste.

Kontakte met Buitelandse Kerke (DKBK) en lidmaatskap van die ICRC

Die VGKSA het 'n susterkerk verhouding met die Canadian Reformed Churches (CanRC), die Free Reformed Churches of Australia (FRCA) en die Gereformeerde Kerken Vrijgemaakt in Nederland (GKv), die laaste een met beperkings oor Reëls 5 en 6 van die Kerkorde.

Die Sinode het sy dankbaarheid uitgespreek oor die geloofstrou van die CanRC, asook hul ondersteuning van die VGKSA, veral deur gebed, kommunikasie in die susterkerk-verhouding, en hul befondsing van ons studente en die Reformatoriese Studie Sentrum. Sendingsdeputate SA (SDSA) het die CanRC vir moontlike befondsing van die sendingswerk in Suid-Afrika genader. Die Kanadese owerheidsregulasies maak dit egter amper onmoontlik om buitelandse aktiwiteite te befonds, tensy die Kanadese skenker in beheer van uitgawes bly. 'n Voorstel is gemaak om die moontlikheid te ondersoek dat die CanRC die VGKSA se Deputate Teologiese Opleiding befonds en dat die FRCA hul befondsing aan die SDSA toeken. Die Sinode het besluit dat 'n drie-party bespreking tussen die deputate van die drie kerkverbande gereël behoort te word. Die Sinode het ook besluit om die susterkerk-verhouding voort te sit, om 'n afgevaardigde na die CanRC se sinode Guelph van 2022 te stuur en om die VGKSA kerke van ontwikkelings binne die CanRC op hoogte te hou.

Wat betref die FRCA het die Sinode sy dankbaarheid uitgespreek oor hul verbinding tot die gesonde leer, asook hul ondersteuning in gebed en befondsing van die teologiese opleiding in die VGKSA. FRCA afgevaardigdes is gevra oor die ICRC, waarop die positiewe antwoord ontvang is dat hierdie saak op die FRCA Sinode in Albany van Junie 2021 bespreek sal word. Die Sinode het besluit om hierdie susterkerk-verhouding voort te sit en 'n opname van 'n groeteboodskap aan die Sinode Albany te stuur. Die Sinode het ook besluit dat die DKBK ingelig behoort te bly oor kerklike ontwikkelings in die RCNZ en die Asiatiese Stille Oseaangebied, hoofsaaklik deur die FRCA en die ICRC.

Die Sinode Soshanguve-Noord 2017 van die VGKSA het besluit om 'n beperkte susterkerk-verhouding met die GKv te handhaaf en later 'n finale besluit hieroor te neem. Hierdie finale besluit sou gebaseer word op 'n bevestiging of terugtrekking deur die Sinode Goes 2020 van die besluite van Sinode Meppel om vroue tot alle kerklike ampte toe te laat en die voorgestelde eenwording met die Nederlands Gereformeerde Kerke (NGK). Ons Sinode het die bevestiging van die twee besluite deur die Sinode Goes bespreek. In hul oorspronklike verslag het die DKBK twee alternatiewe voorstelle gemaak, een om die susterkerk-verhouding te beëindig, die ander om dit voort te sit met die doel om die bekommerde GKv gemeentes en lidmate by te staan. Na

oorweging van 'n verslag van ds F Bijzet het Deputate die tweede alternatief in 'n aanhangsel tot hul verslag teruggetrek.

Die Sinode het bevestig dat die besluite van Sinode Goes die susterkerk-verhouding onhoudbaar gemaak het. Die argument is egter gevoer dat geen datum bepaal was wanneer die verhouding verbreek sou word nie, en dat ons 'n ekstra myl kon gaan. Daar is genoem dat die kerke binne die GKv wat teen die besluite van Sinode Meppel besware ingedien het, die indruk mag kry dat die VGKSA hulle aan hul eie lot oorlaat wanneer ons die susterkerk-verhouding met die GKv nou verbreek. Na stemming het die Sinode soos volg besluit:

1. Dat die GKv deur die besluite van die Sinode Goes 2020 oor die vrou in die amp en die eenwording met die Nederlands Gereformeerde Kerke van die Woord van God afgewyk en die gesag daarvan ondermyn het. Hierdie besluite van die GKv sinodes gee voldoende gronde om die susterkerk-verhouding te verbreek (in lyn met Sinode Soshanguve Noord 2017, art 44).
2. Om terwille van die plaaslike kerke en lidmate in die GKv wat besware teen die besluite van die Sinodes Meppel en Goes het, die beperkte susterkerk-verhouding voort te sit ooreenkomstig Sinode Soshanguve-Noord 2017, art 44.17.
3. Op die VGKSA Sinode 2024 sal 'n finale besluit geneem word, alternatiewelik sal die susterkerk-verhouding beëindig word wanneer die GKv met die NGK verenig, welke ook al eerste kom.
4. Hoewel die reëls vir susterkerk-verhoudings dit nie toelaat nie, gee Sinode aan Deputate die opdrag om met bekommerde gemeentes en lidmate wat besware teen die besluite van GKv sinodes het, in verbinding te tree met die doel om die pad vorentoe te bespreek.
5. Om met die GKv Deputate te kommunikeer oor die mandaat van die VGKSA se DKBK om met bekommerde gemeentes en lidmate in verbinding te tree.
6. Om 'n brief aan alle kerkrade van die VGKSA te skrywe en om die gemeentes oor die aard en begronding van hierdie besluit in te lig.
7. Om die DKBK op te dra om die sinodebesluite aan ons Kanadese en Australiese susterkerke, asook die ICRC oor te dra.

Ten opsigte van De Gereformeerde Kerken (DGK) en die Gereformeerde Kerken Nederland (GKN) het Sinode met dankbaarheid aan die Here kennis daarvan geneem dat die twee kerkverbande in 'n gevorderde stadium tot eenwording is. Die Sinode gee Deputate opdrag om hul kontak met hierdie kerke voort te sit en dat na eenwording 'n susterkerk-verhouding oorweeg kan word. Indien lidmate van hierdie kerkverbande na Suid-Afrika kom behoort kerkrade hulle slegs as lidmate of gaste aan die nagmaal toe te laat—indien hulle so 'n versoek rig—na 'n toepaslike gesprek.

Ten opsigte van die RCNZ gee Sinode aan Deputate die opdrag om ingelig te bly oor ontwikkelings in daardie kerke deur middel van ons susterkerke (FRCA) en nie tot direkte kerklike gemeenskap oor te gaan as gevolg van ons beperkte mannekrag.

Die VGKSA is aktiewe lede van die ICRC en waardering is uitgespreek oor hoe hierdie konferensie die wag hou oor die Gereformeerde leer. Die ICRC het die VGKSA gevra om hulle by te staan in die versterking van die kerke in Afrika en om Gereformeerde kerke aan te moedig om by die ICRC aan te sluit. Die Reformatoriese Studie Sentrum kan 'n belangrike rol hierin speel. Daar is besluit dat twee VGKSA afgevaardigdes sal fokus op die ICRC betrokkeheid en die ICRC onder VGKSA gemeentes te bevorder, byvoorbeeld deur die ICRC tydskrif Lux Mundi. Die Sinode het besluit om tenminste twee afgevaardigdes na die volgende ICRC konferensie in Windhoek, Namibië, te stuur.

Bybelvertaling, liturgiese musiek, formuliere en formuliergebede

Die Deputate vir Bybelvertaling het twee verslae met teenoorgestelde sienings oor die Afrikaanse Bybel Direkte Vertaling (BDV) van 2020 ingedien. Die een verslag het voorgestel dat die Sinode eers besluit oor die aanvaarbaarheid van die Kritiese Teks as bronteks uitgawe vir vertaling van die Nuwe Testament, aangesien dit vir die BDV gebruik is. Indien dit aanvaarbaar is, kan die BDV 2020 ten opsigte van die betroubaarheid en suiwerheid van die Afrikaanse vertaling geëvalueer word. Indien nie, is daar geen rede om die BDV te evalueer nie. Die tweede verslag stel voor dat slegs die Textus Receptus of die Meerderheidstekst as grondtekst uitgawe gebruik kan word, en dat gevolglik die BDV verwerp behoort te word. Die Sinode het die verskille tussen die verskillende bronteks uitgawes bespreek en is ingelig dat daar meer as 98% ooreenkoms tussen die verskillende bronteks uitgawes bestaan. Ons oorseese susterkerke en die CRTS het die Kritiese Teks as bronteks en as basis vir teologiese opleiding aanvaar. Die Sinode het ook die feit oorweeg dat die BDV 2020 verskille in vertalings in voetnote toelig. Die Sinode het besluit om nie 'n voorkeur vir enige van die bronteks uitgawes uit te spreek nie. Ten opsigte van die Engelse Bybelvertalings het die Sinode die English Standard Version (ESV) vir amptelike gebruik in ons kerke, en die New International Version (NIV) veral in ons sendingskerke, as toelaatbare vertalings aanvaar. Die Sinode het die Deputate opdrag gegee om met die evaluering van die BDV 2020 voort te gaan en ook om die behoefte aan vertalings in Sotho of ander Afrika-tale veral vir gebruik in die sendingskerke te evalueer.

Wat betref die liturgiese formuliere en formuliergebede is die Deputate se verslag aanvaar, maar nuwe Deputate sal opdrag kry om meer insette vanuit die gemeentes oor die alternatiewe nagmaalsformulier ('Viering van die Heilige Nagmaal 2') te verkry en aan die volgende sinode verslag te doen. Deputate sal ook ondersoek watter formuliere nog nie in Sotho vertaal is nie, en die herdruk van die formuliere wat in die GKSA gebruik word, te oorweeg saam met 'n vertaling van die formuliere wat nog nie in die GKSA se formulierboek, wat in die sendingskerke gebruik word, verskyn nie.

Hulpbehoewende Kerke (art. 11)

Na 'n aantal jare waarin aansoeke deur hulpbehoewende kerke laag gebly het, word 'n toename in aansoeke vir ondersteuning as gevolg van nuut-geïnstitueerde kerke, en 'n toename in die behoeftes van bestaande kerke verwag. Die Deputate het daarom 'n verhoging van die bydraes uit die kerke aangevra. Die Deputate het gewaarsku oor die gevaar dat die kerkverband tot 'n verband van hulpbehoewende kerke kan ontwikkel, wat afhanklik van buitelandse befondsing bly en wat onvolhoubaar is. Sendingskerke wat wil institueer behoort te besef dat daar van hulle verwag word om hul basiese koste self te voorsien.

Sending

Met dankbaarheid het die Sinode kennis geneem van die sendingswerk wat deur die kerke gedoen word, die koördinerende en toesighoudende rol van die Sendingsdeputate van SA, en die beskikbaarheid van fondse vir die komende jare vanuit die GKv (deur die kanaal van ZAM/DVN). Onder God se seën beoog verskeie sendingsgemeentes in Tshwane en Kaapstad binne die volgende drie jaar te institueer. Die Sinode het 'n bekommernis oor die Missio Dei benadering wat blykbaar onderliggend aan die nuwe ZAM/DVN visie op sendingswerk is, bespreek. Die klassieke Gereformeerde visie op sendingswerk is om die Evangelie te verkondig, ongelowiges tot bekering te lei en om kerke te plant. Die sekondêre doelwit is die befondsing van meer diakonale soort projekte en om daadwerklike hulp te voorsien. Die ZAM/DVN missie fokus op die verkondiging van God se liefde in woord en daad en om God se Koninkryk op aarde te help vestig, sodat mense van die wêreld God erken en Hom wil volg, kortliks "Om die geloof wêreldwyd te deel".

Die Sinode het ook kennis geneem van die stapsgewyse afname in ZAM/DVN befondsing. Die Deputate het opdrag gekry om voort te gaan in hul samewerking met ZAM/DVN volgens die Samewerkingsooreenkomst. Die afname in ZAM/DVN befondsing noodsaak 'n toename in befondsing vanuit die VGKSA en versoeke vir ondersteuning deur die oorseese susterkerke. Afgevaardigdes van die CanRC het aangedui dat geleenthede vir die befondsing van sendingswerk buite Kanada beperk is.

Teologiese Opleiding

Deputate Teologiese Opleiding het met dank aan die Here gerapporteer dat tans sewe studente vir teologiese opleiding geregistreer is, waarvan twee op MDiv vlak by CRTS ingeskryf is. Vyf studente is op verskillende vlakke met die graad BA Tale aan Suid-Afrikaanse instellings besig. Die Deputate het 'n enkele opleidingstrajek wat bestaan uit 'n BA Tale graad en 'n MDiv graad by CRTS, aanbeveel. Die jaarlikse studieprogram op MDiv vlak sal normaalweg uit agt maande akademiese studie in Hamilton en drie maande Praktiese Pastorale Opleiding in Suid-Afrika bestaan. Die Deputate het ook ondersteunende studies voorgestel waar nodig om studente te help om die vereiste akademiese vlak vir toegang tot teologiese studies te bereik. Die belange van die kerke behoort swaarder as dié van die studente te weeg. Daarom behoort die teologiese opleiding deeglik op soliede akademiese teologiese opleiding gegrond te wees, wat dan kontekstueel toegepas word. Opleiding aan Suid-Afrikaanse instellings behoort verkieslik naby die student se gemeente plaas te vind om te verseker dat studente nie van hul gemeente vervreem nie. Prof J van Vliet, as adviseur vanaf CRTS, het aangedui dat die MDiv opleiding verkieslik deur klasbywoning in Hamilton behoort plaas te vind, maar dat die CRTS besig is met die ontwikkeling van alternatiewe saamgestelde (hybrid) opleiding wat uit 'n kombinasie van in-klas, aanlyn en praktiese opleiding sal bestaan. Studente sal dan in Suid-Afrika deur hulle eie predikant en indien nodig 'n gekontrakteerde mentor begelei word, en by CRTS deur mentors wat deur hierdie instelling aangestel word. Die Sinode het die wens uitgespreek om nie CRTS as 'n eksklusiewe opleidingsmoontlikheid te beskou nie, maar ook alternatiewe te ondersoek, soos die nuut-beplande onafhanklike 'Gereformeerde Teologiese Akademie'.

Liturgiese Musiek

Deputate Liturgiese Musiek het die kerke gevra om voorstelle te maak vir nuwe gesange wat in lyn is met die kriteria en raamwerk wat op Sinode 2011 aanvaar is. Sommige kerke het bykomende temas aan die Deputate voorgestel. Die Deputate het die realiteit beklemtoon dat in verskeie gemeentes die teenkating teen gesange so sterk geuiteer word dat die kerkrade terughoudend oor die sing van gesange geword het. Gedurende die sinodebesprekings is dit beklemtoon dat die teologiese fundering vir die sing van gesange in die verlede reeds goed verduidelik is. Die Sinode het besluit dat die nuwe temas wat deur die VGK Pretoria voorgestel is (Christelike lewe en die Vrug van die Gees; Volharding van die Heiliges en die wapenrusting van God; Jesus se Terugkoms; Gebed; en Troos vir gelowiges wat sterwende is), sowel as dié van die VGK Bellville (Skepping en Herskepping; die Laaste Oordeel; Eskatologie) tot die lys van temas wat vir die keuse van gesange en Skrifberymings gebruik is, toegevoeg behoort te word. 'n Sub-Komitee insluitend lidmate van die Sotho-sprekende gemeentes en sendelinge behoort ook aangestel te word, wat sal werk aan die evaluering van die Difela tsa Sione liedere en psalms met die doel om die liedere te standaardiseer. Die Deputate sal ook steun aan die GKSA/Calvyn Jubileumfonds aanbied in die vorm van IT kundigheid om die GKSA app van Psalms/Skrifberymings, soos dit toenemend in ons kerkverband gebruik word, verder te ontwikkel en te verbeter.

Die Sinode het besluit om die volgende 14 Skrifberymings vir gebruik met die doel van toetsing goed te keur: 51,52,53,54, 59, 63, 64, 65, 68, 71,73,75,77 & 78, en vra Kerkrade om terugvoering oor hierdie voorgestelde Skrifberymings aan die Deputate te gee.

Sinode Kwestor

Die Kwestor het oor die finansiële toestand van die kerkverband, wat oor die vorige twee jaar krities geword het, gerapporteer. Nie alle kerke dra by nie, en van hulle wat dit doen, betaal dit nie altyd op tyd nie. Gevolglik het kontantvloei probleme ontstaan. 'n Voorstel is aanvaar om 'n brief aan alle kerkrade te stuur om hulle aan te maan om hul sinodale bydraes op datum te kry en mekaar op klassis verantwoordelik te hou. Die begroting vir 2021-24 is uitgebreid bespreek aangesien 'n maksimum grens op sinodale uitgawes gestel was, en Deputate se aanvrae het hierdie grens oorskry.

Owerheid, Kerkverbandelike Administrateur en Internet

Die Sinode het besluit dat die sinode seënswens boodskappe aan sowel die President van SA en die Burgemeester van die stad waarin die sinode gehou word, gestuur sal word. Die Kerkverbandelike Administrateur word hartlik vir sy aanhoudend goeie werk oor die jare bedank. Die Kerkverbandelike Administrateur sal saam met die Argivaris van die Argief Bewarende Kerk 'n opgedateerde en digitale argiefstelsel ondersoek en begin implementeer. Verder het die Kerkverbandelike Administrateur die opdrag gekry om die nuut-aanvaarde Sinodereëls saam met ander kerkverbandelike dokumente van VGKSA sinodes 2008-2021 as 'n nuwe Kerkboek te publiseer.

Die Sinode het Deputate Internet Kommunikasie opdrag gegee om die webblad te herontwerp en dit aantrekliker en moderner te maak; om die webblad op te dateer en met alle publikasies op datum te hou, en om gemeentes aan te moedig om hul inligting gereeld te hersien; en om te verseker dat alle bladsye sowel in Afrikaans as in Engels verskyn.

Volgende Sinode

Die VGK Mamelodi is as sameroepende kerk vir die volgende sinode, wat vir DV September 2024 geskeduleer word, aangestel. Die VGK Pretoria-Maranata is as alternatief aangestel.

Die voorsitter het die sameroepende kerk en die susters en broers van Belhar en Bellville bedank vir die uitstekende manier waarop hulle die sinode ontvang en versorg het. Na 'n oordenking oor Romeine 16 : 1-17 en 25 – 27 en gebed het die voorsitter Ds Johan Bruintjes die Sinode gesluit.